

Dinsdag 8 November

Skrifgedeelte: Psalm 148

Fokusgedeelte: Psalm 148:11-14

Prys die Here opnuut vandag!

Twaalf keer in hierdie psalm hoor ons die oproep om die Here te prys. Eers kyk ons op na bo en ons hoor in vers 1-6 hoe die hemel, sy bewoners en die hemelliggame die Here moet prys. Die son, maan en sterre moet die Here se Naam prys. Dan lei die psalm ons in vers 7-14 na die aarde toe en alles op die aarde. Alle diere moet die Here prys. Alle natuurverskynsels op die aarde moet die Here prys. Alle bome moet die Here prys. Die berge en die heuwels moet Hom prys. Die ganse heelal moet God prys. Ook elkeen van ons moet die Here prys.

Ons hoor so dikwels die woorde: Prys die Here! Wat beteken dit? Kortliks kan ons sê dit is om die Here te bewonder vir wat Hy is. Dit is om aan die Here te sê hoe groot en goed Hy is. Dit gaan gepaard met blydskap oor Hom.

Prys die Here opnuut vandag deur die kragtige inwerking van die Heilige Gees. Dink met bewondering oor Hom wat jou gemaak het en wat aan jou die lewe gegee het. Dink vol blydskap aan Hom wat jou uit die vernedering van 'n ewige sondedood gered het en jou sy kind gemaak het. Prys Hom vir sy grootheid en sy verhewenheid, sy majesteit wat straal uit alle dinge. Bewonder Hom wat ook vandag by jou is as jou Vader wat vir jou sorg, jou dra en jou lei.

Of jy klein is of groot, jonk of oud, maak vandag opnuut tyd om in nederigheid die Here saam met die ganse heelal te prys. Beleef en ervaar die vrede in jou hart omdat jy doen wat die Here van jou verwag.

Sing: Psalm 147-1:1, 2

Ds. L du P van der Vyver (Wicus) (Silverton)